
# 481 Voor u Wet, Heer, staan ons skuldig







Liefde doen aan niemand kwaad nie: Dis vervullling van die Wet.
Die gebod mag ons nie laat nie, maar met ywer daarop let.
Ons weet, ver is reeds die nag; ken die tydsomstandighede -
weldra breek die volle dag. Wek ons, Heer, uit valse vrede!

Laat ons dan opnuut ons aangord met die wapens van die lig.
En laat ons welvoeglik wandel voor die Heer se aangesig.
Ons wil ons met Hom beklee - maak geen voorsorg vir die vlees nie.
Hy wat ons sy liefde gee, sal ons Hom nie dien en vrees nie?

Izak L. de Villiers (1936-2009) Genéve (1551)